

ST. DENYS EN METGESELLE

9 OKTOBER

(Sterf 258)

In die hartjie van die wêreldstad, Parys, is daar 'n hoë heuwel wat as Montmarte, oftewel 'martelaarsberg' bekend staan. Dié naam dien as herinnering aan die heilige Denys, die eerste biskop van Parys, wat op dié plek saam met 'n priester en diaken onthoof is. Die plaaslike heidense priesters het gehoop dat hul dood die einde van die eerste Christengemeenskapie daar sou beteken. Dié plek waar hulle hul lewens vir hul geloof afgelê het, sou egter 'n baken word van die waarheid van hul oortuiging en vandag staan 'n manjifieke basiliek daar as teken van hul onsterfbare geloof.